Beter Afrikaans

vir beter
(geskrewe) Afrikaans
in die klaskamer

Elda van der Merwe

Beter Afrikaans

Goeiemiddag
Ek bring vandag goeie nuus vir oorwerkte onderwysers:
iets wat jou leerders sal geniet sonder dat dit enige van jou kosbare onderrigtyd in beslag neem;
iets wat jou werk minder en makliker kan maak;
en wat jou én jou leerders boonop kan help om een van julle **doelwitte** te bereik, naamlik beter skryfvaardighede en meer spesifiek beter **SPEL**vaardighede.

Spelling vir hedendaagse tegnologieverslaafde tieners?
Ag neeee!
Daarvoor het ons mos deesdae speltoetsers!



Open Rubric

As die ertsee en ltaase ltretes van wodore reg is, kan 'n mnes daairde worode lees. Die leterts tsinesun is nie balriegnk nie. Daraom heof nienmad te kan sepl nie.




As die eerste en laaste letters van woorde reg is, kan 'n mens daardie woorde lees. Die letters tussenin is nie belangrik nie. Daarom hoef niemand te kan spel nie.

Beter Afrikaans

Buitendien weet ons mos nou al ’n mens kan enige woord lees as die eerste en laaste letter net reg is.
Maar is dit waar?
Tot dusver is daar na my wete geen bewyse hiervoor nie.
Navorsing toon wel dat jou leesspoed met tot 11% afneem as daar spelfoute in ’n teks is omdat dit jou soveel langer neem om te verstaan wat geskryf is en omdat die foute jou aandag van die boodskap aftrek.

Speltoetsers is wonderlike goed, maar dit kan nog steeds nie ’n mens se brein vervang nie.
Hulle kan net vir jou sê of die woord wat jy sien ’n korrek gespelde woord is, nie of dit die regte woord in ’n bepaalde konteks is nie.
So ja, ons moet nog steeds almal leer spel!

Kom ons kyk:



- HOEKOM leer spel?
- HOE werk Beter Afrikaans?
- WAT leer jy op Beter Afrikaans?

Beter Afrikaans

So wat is die goeie nuus wat ek bring?


Ek wil julle kortliks herinner hoekom ons nog in hierdie tegnologiese eeu moet leer spel.
En dan wil ek julle van BA vertel – hoe dit werk en wat ‘n mens daarmee kan leer.




Hoekom moet ons nog leer spel?
Eerstens natuurlik omdat die nasionale kurrikulum dit van jou as taalonderwyser vereis.
Maar die kurrikulum gaan nie jou leerders motiveer om beter te leer spel nie.
**Jy** sal hulle moet oortuig dat dit noodsaaklik is, dat dit moontlik is en bowenal dat dit kan lekker wees om beter te leer spel.




Jy kan vir hulle vertel dat dit hulle sal help om hulle ander vakke te slaag. Ongelukkig tel die manier waarop leerders skryf deesdae so min dat dit hulle eerder met die indruk laat dat korrekte spelling nie eintlik meer saak maak nie.




Jy kan vir hulle voorbeelde uit die alledaagse lewe wys waar dit noodsaaklik is om te kan skryf. Iets soos die vorms wat jy moet invul om aansoek te doen vir 'n ID-dokument of bestuurderslisensie.

Selfs mense wat met hulle hande werk, moet kan skryf om aansoek te doen vir werk en eendag verlofvorms in te vul of om 'n bankrekening te open of hulle kinders se name te registreer.

As jy 'n professionele beroep wil volg, moet jy kan boodskappe, verslae, agendas en notules skryf.

Selfs as jy net 'n inkopielysie wil maak, moet jy redelik kan spel om te kry wat jy wil hê as iemand anders jou inkope gaan doen.

## Hoekom?

**77% werkgewers:**

- goeie skryfvaardighede is noodsaaklik
- bevorder verkieslik iemand met 'n oog vir detail

**20% werkgewers:**

- raak kwaad oor swak spelling en grammatika

**53% werkgewers:**

- beskou werknemers wat taal- en spelfoute maak as lui en onprofessioneel
- lees nie eens verder as hulle spel- en taalfoute opmerk nie

Beter Afrikaans

Deesdae kommunikeer baie mense meestal met kort teksboodskappe of op sosiale media. Daar geld ander reëls as vir tradisionele skryfwerk en dit bring mee dat mense meer ongeërg is oor hulle taalgebruik. Woorde en sinne verkort word sodat dit later amper onleesbaar is vir die oningewyde.
Kombineer nou daardie ongeërgdheid met tienertaal en jy het 'n resep vir vrot spelling.
Veral in die hoër grade kan dit dalk help om leerders daarop te wys dat jou taalgebruik iets oor jou as mens sê. Op skool word leerders wat nie kan spel nie dikwels as dom beskou. By naskoolse instansies dra swak taalkennis en taalvaardighede by tot swak studenteprestasie. Spelling beïnvloed ook werkgewers wanneer hulle aanstellings maak of werkers bevorder.
In een ondersoek is bevind dat:
77% werkgewers goeie skryfvaardighede as noodsaaklik beskou en verkieslik werknemers met 'n oog vir detail (dus werknemers wat op hulle taalgebruik let) bevorder.
20% werkgewers raak gewoon kwaad as hulle iets met baie spel- en grammatikafoute moet lees. En wie wil nou jou baas kwaadmaak?
53% werkgewers beskou werknemers wat nie behoorlik kan spel en skryf nie as lui en onprofessioneel en hulle lees eenvoudig nie eens verder as hulle taal- en spelfoute in 'n dokument sien nie.

## Hoekom?








Beter Afrikaans

Hoekom is werkgewers so gesteld op goeie skryfvaardighede?
Swak taalgebruik laat hulle wonder of jou denkvaardighede net so swak en deurmekaar soos jou skryfvaardighede is en of jy ooit ernstig is oor jou werk.
Goeie skryfvaardighede dra by tot beter begrip en kommunikasie en voorkom verwarring. Dit laat ook die indruk dat detail vir jou belangrik is en dat jy trots is op jou werk.
En dan is daar nog 'n baie groot voordeel: dit verbeter leerders se leesvaardighede.
Ons sê gewoonlik leerders moet meer lees om beter te leer spel.
Die omgekeerde is egter ook waar – hoe beter jy spel, hoe beter lees jy.
Jy kan dus sien dat dit regtig nog belangrik is om leerders beter te leer spel.
Die vraag is net HOE.





Een goeie hulpmiddel is die webwerf BETER AFRIKAANS.
Dit het die volgende voordele:
Dit voldoen aan die vereiste dat leer lekker moet wees.
Dit kan tuis gedoen word, so dit neem niks van jou onderrigtyd in beslag nie.
Dit neem minder as 2 minute per dag in beslag.
Die leerder kry onmiddellik terugvoer.
Boonop word die toepaslike reëls verduidelik sodat leerders leer om hulle kennis na ander woorde oor te dra. Hulle leer dus nie net spesifieke woorde spel nie.




Vir wie is BA geskik?
Op hierdie stadium vir eerstetaalsprekers en sprekers van addisionele tale wat Afrikaans reeds in 'n redelike mate bemeester het.
Daar sal egter iewers in 2018 'n Beter Afrikaans vir vreemdetaalsprekers beskikbaar gestel word.
Eerstetaalsprekers van so jonk as graad 4 kan al die toetsies begin skryf.
En 'n mens kan daarmee aanhou tot jy stokoud is – niemand is ooit te oud om te leer nie.

BA is heeltemal gratis. Al wat jy benodig, is 'n rekenaar, tablet of selfoon.

Hoewel dit gratis is, moet jy **registreer** voordat jy die toetsies begin skryf sodat die stelsel jou punte kan stoor.




Om te registreer:

Gaan na https://beterafrikaans.co.za/website/index.php en vul jy die volgende inligting in:

E-posadres


Wagwoord van jou eie keuse

Naam


Die vlak waarop jy die toetsies wil skryf (Vlak 1 is maklik; Vlak 2 is gemiddeld; Vlak 3 is moeilik)

Ek sal voorstel dat alle leerders op vlak 1 begin en dat jy ʼn stelsel uitwerk om te bepaal wanneer hulle na ʼn volgende vlak kan skuif. As hulle bv. vir ʼn bepaalde tydperk nooit minder as 90% op vlak 1 gekry het nie, mag hulle oorskuif na vlak 2. Omdat dit moeiliker is om op Vlak 2 punte te kry, kan dié wat op Vlak 2 werk dan bv. 5% ekstra kry wanneer die punte bereken word.

Geslag en geboortejaar – dit word uitsluitlik vir statistiese en navorsingsdoeleindes gebruik.




Wanneer jy registreer, word daar vir jou 'n **profiel** geskep.
Op hierdie bladsy kan jy jou **naam** en die **vlak** waarop jy die toetsies skryf verander.
Onthou om te STOOR elke keer as jy iets verander, anders kan die stelsel dit nie onthou nie.
Leerders wat regtig graag beter wil leer skryf, kan die toetsies sommer op al drie vlakke skryf, maar net die vlak waarop hulle geregistreer is se punte word gestoor.
Die ander is bloot **rondspeelvlakke**.
Dit is baie belangrik dat leerders op die regte vlak registreer, anders gaan hulle 0 kry op die puntelys. Dit kan egter goed wees om 'n bietjie op die ander vlakke te speel om te kyk of jy al kans sien om op te skuif na 'n volgende vlak.
Wanneer jy van vlak wil verander, gaan jy bloot na jou profiel en verander die vlak daar. Onthou om op **stoor** te klik, anders word die verandering nie op jou profiel aangebring nie.




As jy bang is jy vergeet van jou daaglikse toetsies, kan jy die program vra om jou gereeld daaraan te herinner.

Jy kan kies op watter dae jy herinner wil word.

As jy al jou toetsies op een dag wil skryf, kan jy bv. vra dat jy net op daardie dag herinner word.

Jy kan ook vra dat jy vir 'n tydperk nie herinner word nie, bv. as jy op vakansie gaan.




As ’n leerder vir ’n tyd nie die toetsies geskryf het nie omdat hy bv. siek was of nie tyd gehad het nie, hoef hy nie die punte te verloor nie.

Jy kan tot ’n maand terug nog ou toetsies skryf om jou punte te verbeter.

Om ouer toetsies te skryf, klik jy bloot op die pyltjie na links.


Ek sou egter nie aanbeveel dat leerders ’n klomp toetsies op een dag skryf nie.

’n Mens leer makliker en meer doeltreffend as jy gereeld klein hoeveelhede nuwe inligting bemeester.

Gebruik liewer die funksie wat jou toelaat om na ouer toetsies te gaan om jou spelling te verbeter deur ’n toetsie weer te skryf. Jy kan dit oor en oor herhaal totdat jy dit onder die knie het. Net die punt wat jy die eerste keer gekry het, sal egter gestoor word.

Jy kan ook agterna weer na die antwoorde van toetsies wat jy reeds geskryf het gaan kyk.

Moenie skrik as jy die rooi sien hoewel jy alles reg geantwoord het nie. Die stelsel wys jou nie net jou eie antwoorde nie, maar ook statistiek van ander deelnemers se antwoorde.





As leerders wil sien of hulle wel verbeter, kan hulle na hulle punte kyk.
Hier sien hulle nie net hoe hul eie spelling van dag tot dag verbeter nie, maar ook hoe dit vergelyk met dié van ander deelnemers.
Aanvanklik sal hulle punte dalk min of meer dieselfde bly of baie op en af gaan, maar mettertyd sal hulle ’n styging sien. Dit kan ’n baie sterk motiveerder wees.




As jy jou leerders se punte vir BA as deel van hulle kwartaal se punte wil laat tel, is dit baie belangrik dat jy verstaan hoe groepe werk.
Om inligting oor groepe te kry, klik op die skakel “Oor groepe”.
As jy seker is jy verstaan hoe dit werk, klik jy op “Groepe” en kies “Ek wil ‘n nuwe groep skep”.

## Hoe: Groepe






Beter Afrikaans

Gee jou groep 'n naam, bv. Graad 8A of iets interessants.
Kies die vlak waarop leerders die toetsie moet skryf. (Begin by Vlak 1.)
Dui aan of jy self ook die toetsies gaan skryf en of jy net die groep gaan administreer.
Onthou jy kan ook elke dag die toetsies skryf sonder dat jy 'n groepslid is.
Vul jou naam in en klik op "skep groep".




Klik nou op jou groep se **telbord** en dan op **admin** om die **kode** te kry wat leerders moet gebruik om by die groep aan te sluit.
Dis baie belangrik dat leerders by die GROEP aansluit en nie net registreer nie. Hulle dink dikwels as hulle geregistreer het, sal hulle name op die klaslys verskyn. Dit is nie die geval nie.
As jy almal se e-posadresse het, kan vir hulle die instruksies onder “selekteer teks” per e-pos stuur. Anders kan jy dit vir hulle in die klas gee.
Die heel belangrikste is dat hulle die **kode en** hulle **naam reg insleutel**.
Dit is belangrik dat jy vir jou leerders verduidelik presies hoe hulle hul name moet insleutel. Onthou, een of ander tyd wil jy ’n puntelys druk en die punte op jou klaslys skryf. As daar nou 2 Stefans in jou klas is en albei registreer net as Stefan, gaan jy nie weet watter punt is wie s’n nie. Maak dus seker dat jou leerders hulle naam en van of voorletters en van, of wat jy ook al verkies, hier invul.
Druk binne die eerste week of so ’n naamlys om te kyk of al die leerders geregistreer het.
Jy hoef nie bang te wees dat leerders meer as een keer met verskillende name by die groep kan aansluit en die toetsies namens ander leerders skryf nie. Die stelsel is aan jou e-posadres gekoppel. Selfs al probeer jy met ’n ander naam registreer, sal dit jou nie toelaat nie.




As jy vir elke graad of elke klas ’n aparte groep geskep het, klik op “my groepe” om al jou groepe te sien.

Gaan dan na ’n groep se telbord en klik op “admin”.

Rol af tot by “Instellings”.


Kies of jou puntelys die top 10 of top 25 leerders se punte moet wys, die hele klas se punte in volgorde moet sit of geen rangorde moet gee nie.

Sleutel die datums in van die tydperk wat jy wil hê die leerders die toetsies vir punte moet skryf.

Kies of alle toetsies in dié tydperk moet tel of net dié wat die leerder skryf. Ek sou aanbeveel dat alle toetsies tel om leerders aan te moedig om dit te skryf. Dis ook onregverdig as een leerder 20 toetsies skryf en ’n ander net 4 en die punte tel dieselfde gewig.

Aan die einde van die tydperk kan jy ook op hierdie selfde bladsy die groep ontbind sodat die inligting van die internet af verwyder word voordat jy weer nuwe groepe skep.

# Hoe: Groepe




| | | hierdie week | | | | | van 02-08-2017 tot 13-09-2017 | | Aflaai |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| rang | naam | MA 11 | DI 12 | WO 13 | DO 14 | VR 15 | totaal % | ingevul | |
| | Algemene gemiddeld | 47 | 90 | 70 | | | 73 | 20 / 31 | |
| | Groeps-gemiddeld | | | | | | 84.72 | 19 / 31 | |
| 1 | Elda | ?? | ?? | ?? | | | 84.21 | 19 / 31 | ADMIN |

| naam | lid sedert | toetse ingevul | antw. korrek | antw. verkeerd | totaal (%) |
|---|---|---|---|---|---|
| 4462328 | 10-02-2016 | 23 | 57 | 35 | 61,96 |
| 4464754 | 10-02-2016 | 25 | 84 | 16 | 84 |
| 4846843 | 03-02-2016 | 25 | 81 | 19 | 81 |
| 12005003 | 24-02-2016 | 25 | 69 | 31 | 69 |
| 12128717 | 19-02-2016 | 9 | 34 | 2 | 94,44 |
| 12140245 | 09-02-2016 | 25 | 88 | 12 | 88 |
| 13020049 | 08-03-2016 | 24 | 89 | 7 | 92,71 |
| 13029470 | 15-02-2016 | 24 | 84 | 12 | 87,5 |
| 13030788 | 08-02-2016 | 25 | 93 | 7 | 93 |
| 13035721 | 12-02-2016 | 20 | 61 | 19 | 76,25 |
| 13036123 | 09-02-2016 | 24 | 60 | 36 | 62,5 |
| 13185952 | 11-03-2016 | 25 | 93 | 7 | 93 |
| 13225406 | 25-02-2016 | 31 | 87 | 37 | 70,16 |
| 14009392 | 11-02-2016 | 25 | 75 | 25 | 75 |
| 14010276 | 11-02-2016 | 25 | 94 | 6 | 94 |
| 14010489 | 04-02-2016 | 25 | 81 | 19 | 81 |
| 14178738 | 10-02-2016 | 24 | 79 | 17 | 82,29 |
| 14189102 | 08-02-2016 | 25 | 72 | 28 | 72 |
| 14353793 | 08-02-2016 | 25 | 82 | 18 | 82 |
| 14391610 | 03-02-2016 | 10 | 27 | 13 | 67,5 |
| 15008976 | 11-02-2016 | 25 | 81 | 19 | 81 |

Beter Afrikaans

Rol op tot heel bo en klik op “Aflaai”.
Dit is waar jy jou leerders se punte op ’n Excel-blad kan aflaai.




Wat leer die leerders as hulle BA gebruik?
Kom ons kyk net vinnig na ’n paar voorbeelde om te sien hoe die 3 vlakke verskil.



• Basiese spelling en spelreëls
Vlak 1
Lande in ........ beleef tans ongekende groei.
asiee
asië
Asië
Asiee
Korrek.
Geografiese name en plekname word met 'n hoofletter geskryf.
Sien ook die bladsy Slegs hoofletter.
Vlak 2
Op slegs 2% van die aarde se oppervlak is reeds 24 ekologieryke gebiede ........ wat 50% van alle landlewende spesies bevat.
geidentifiseer
ge-ïdentifiseer
geïdentifiseer
ge-identifiseer
Korrek.
Wanneer 'n woord met twee vokale na mekaar nie as 'n diftong uitgespreek word nie, kry dit 'n deelteken op die tweede vokaal. Indien die woord oor 'n reël afgebreek word, is die deelteken nie nodig nie.
Sien ook die bladsy Deelteken.
Vlak 3
Ná 'n ........ soektog is wrakstukke van die vliegtuig uiteindelik gevind.
16-maande-lange
16 maande lange
16-maand lange
16 maand lange
Korrek.
Woorde wat tydsduur of mate aandui ("maande") gevolg deur 'n byvoeglike naamwoord ("lange") word los geskryf, byvoorbeeld "16 maande lange", "vier weke lange" en "drie ure lange".
Sien ook die bladsy Samestellings.
Spelling
Akkuraat VS. Akuraat
Met rekenaars en wiskunde is dit nodig om akkuraat te wees, en in taalwerk is dit nodig dat jou spelling akkuraat is! Onthou dit so: jy moet ook "knaend-korrek" (dubbel-k) wees om seker te wees jy is akkuraat.
Planete se name
Meeste van die planete se name eindig met 'n -us. Onthou dit wanneer jy planete se name neerskryf: Mercuri-us, Ven-us, Saturn-us, Uran-us, Neptun-us.
Wenk: d of t?
Beter Afrikaans




Let op dat BA 'n mens van wisselvorme bewus maak. As albei vorme korrek is, móét jy daardie antwoord kies om te wys jy weet dit is wisselvorme.




Jy kan nie met leerders oor taalkunde praat as hulle geen taalkundeterme ken nie. Met so min onderrigtyd vir taalkunde tot jou beskikking, sal BA op hierdie gebied van groot waarde wees. Die leerders sal die terme daar leer ken en jy kan dit dan in die klas gebruik sonder om so baie tyd af te staan aan die verduideliking daarvan.




glo ek julle sal met my saamstem dat dit inderdaad goeie nuus is vir Afrikaansonderwysers.

Kom aan, daag jou leerders uit om hulle skryfvaardighede te verbeter op ,n manier wat hulle kan geniet sonder dat dit jou werk meer en jou onderrigtyd minder maak.